N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Beste Lidmaat

Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 14 Junie 2020.

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander algemene inligting.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees tot na verdere kennisgewing nie.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u elke Vrydag die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang.

Die erediens van 14 Junie se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/4uJsPh3YwQ4

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/298795641292745/

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

en net vir die klankbaan op “Soundcloud”

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-14-junie-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Besonderhede van die erediens is soos volg

Virtuele erediens op 14 Junie 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Matt. 10:1-8

Tema: Draers van die goeie nuus!

1 Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

2 Die name van die twaalf apostels was: in die eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas;

3 Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus;

4 Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het

5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee:“Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie.

6 Gaan liewer na die verlore skape van die volk Israel toe.

7 Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’

8 Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

<u>Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:</u>

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
- Johanna Kriel Rademeyerstraat 43A;
- Alta Gebhardt Milleniumpark 73
- Alwyn Koegelenberg van Pleinstraat 39;
- Martin Botha van San Monique woonstel no 2;
- Jacobus Barnard van die plaas Posdrift;
- Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
- Pieter Lategan van Parkweg 40; en
- Alet Badenhorst van Palm Oord.

Ons bid ook vir die volgende sake:-

- uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Ons is baie dankbaar vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
- maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
- in die besonder die korona-virus pandemie.
    - Sodat die virus nie verder sal versprei nie
    - Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is
    - Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het
    - Al die gesondheidspersoneel
    - Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur

Baie geluk aan ons 70 Plussers wat die week verjaar:

- **Engela Olivier 15 Junie**
- **Susan Barendse 18 Junie**
- **Martie Le Roux 18 Junie**

Gemeente Program:

- **Woensdag 17 Junie 2020**
  - **09:00 Vrouebybelstudie**
  - **18:30 Mansbybelstudie**

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

- Joseph Johannes van der Westhuizen, Anna-Marie Swart nou Van der Westhuizen en hul dogter Elanza vanaf Kakamas;
- Edward John Dalton vanaf Reebok;
- David Jacobus Malan vanaf Oudtshoorn-Wes en Judy Vosloo nou Malan vanaf De Rust; en
- Victor Halman Kock en Judith Pieterse nou Kock vanaf Oudtshoorn-Park.

Gemeentelike finansies

As gevolg van die inperking verslapping vanaf vlak vyf na vlak drie mag mense in die meeste kategorieë ook begin werk.

Die kerkkantoor sal egter ingevolge die regulasies nog ’n geruime tyd gesluit moet bly. Die volgende maatreël is gevolglik vir bydraes in plek gestel:

Daar is 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart ingegooi kan word. Die posbus word tweekeer per dag gekontroleer vir koeverte.
Na bg. bekend gemaak is, het verskeie lidmate reeds hul bydraes in die posbus geplaas.

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee en selfs bydraes verhoog het om vir erediens offergawes voorsiening te maak.

Die Gemeente het intussen ook ’n “snapscan” betalings-fasiliteit daargestel vir dié wat daarvan gebruik sou wou maak.

Sou u onseker wees hoe om die toepassing te gebruik is u welkom om met my in verbinding te tree.

Die gemeente se “unieke” strepieskode lyk soos volg en sal in die toekoms ook regs onder op die voorblad van ons webtuiste (https://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/) vir maklike gebruik wees.



Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

’n Ieder en elk word bedank vir jul liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.

Welgeluk Groete!

Andries Potgieter
084 514 2178
ajpotgieter@telkomsa.net